Vakansiedorp
Huiseienaarsvereniging

Tel: 071 784 5275
E-pos:admin@hartenboshuiseienaars.co.za
Web:
https://www.hartenboshuiseienaars.co.za

# NUUSBRIEF

**November 2023**

Geagte Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars

Die jaar spoed ten einde en is dit so dat dit nou die laaste nuusbrief vir die jaar.

## GRONDWET

Soos wat reeds voorheen aan u gerapporteer, is die nuwe Grondwet aan die Munisipaliteit van Mosselbaai voorgelê vir hul goedkeuring. Hierdie goedkeuring is ontvang en die Grondwet word dus op die webwerf van die Vereniging geplaas.

## WHATSAPP-GROEP

'n WhatsApp-groep is gestig vir die uitsluitlike doel om dringende boodskappe aan Lede te kommunikeer. 'n Sleutel ("link") is aan Lede per e-pos gestuur waarop u moes reageer om by die groep aan te sluit. Indien u nie by die groep aansluit nie kan dit gebeur dat u nie dringende inligting sal ontvang nie. Hiermee wil ek dan ook bevestig dat dit nie 'n groep is vir onderlinge boodskappe en geselsies nie. Slegs die administrateurs van die groep sal plasings kan maak.

## GRASSNYDIENSTE

Ons hier op Hartenbos is vanjaar geseën met baie goeie reën en dit wil voorkom asof dit so sal voortgaan. Gelukkig is daar genoeg dae waarop die gras gesny kan word. 'n Probleem word egter ervaar met die spuit van die bossies. Daar kan nie gespuit word as die wind waai nie, want die gif waai oor ander plante wat dan doodgaan. Daar moet ook genoeg tyd verloop tussen 'n bespuiting en die volgende reën vir die gif om effektief te wees. Daar word egter beplan om so spoedig moontlik, en soos wat die weer dit toelaat, gif te spuit.

Lede moet egter daarop let dat waar hekkies toegang na dele van erwe versper die gras daar nie gesny en plaveisel nie skoongehou sal word nie.

## SEKURITEIT

Gelukkig kan ons rapporteer dat kwessies wat haakplekke met die sekuriteitsdiens veroorsaak het, uitgesorteer kon word. Die sekuriteitswagte wat verskuif is, is weer terug by ons en hulle gaan voort met die diens soos voorheen.

Ons kan rapporteer dat daar slegs een ernstige voorval was wat die afgelope tyd aangemeld is. Dit was 'n inbraak wat in Karoodorp voorgekom het. Enkele gevalle van deure of vensters wat nog oop gelaat word na die vertrek van Lede kom steeds voor. Lede moet daarop let dat Hartenbos nie meer, soos van ouds, die plek is wat nie deur kriminele geteiken kan word nie. Maak maar seker dat items soos fietse en ander artikels nie onnodig buite gelaat word nie.

## KAMERAS

Ongelukkig het daar 'n vertraging met die vestiging van die kamerastelsel opgeduik.Ons wag op die ATKV vir verdere inligting.

## HEFFINGS

Ek wil graag weer alle Lede wat gebruik maak van die debietorder-stelsel en dié wat gereeld maandeliks hul heffings betaal, hartlik vir hul samewerking bedank. Soos wat daar in die Grondwet bepaal word, is heffings **jaarliks vooruitbetaalbaar**. 'n Aantal Lede het egter 'n ooreenkoms gesluit met Bestuur dat hulle dit maandeliks per EFT of direk in die HVHV se bankrekening sal betaal.

Daar kom egter gevalle voor waar bogenoemde ooreenkoms nie nagekom word nie en die Bestuursraad het gevolglik besluit om 'n Debiteurebeleid op te stel en goed te keur. Die goedgekeurde beleid wat voortaan toegepas gaan word, is afsonderlik aan elke lid gestuur.

Lede word verder versoek om seker te maak om hul **erfnommer** as **verwysing** te meld met alle betalings wat in die HVHV se bankrekening gemaak word. Verskeie gevalle kom gereeld voor waar die erfnommer nie vermeld word nie, of net 'n naam of adres gebruik word,wat vertragings met die toewysing van die betalings veroorsaak. So gebeur dit dat daar inbetaalde bedrae voorkom wat nie na die regte rekening toegedeel kan word nie.

Op die einde van die finansiële jaar was daar 'n aantal lede wie se heffings uitstaande was. Dit het gewissel van baie klein bedrae tot dié wat geen heffing vir die volle jaar betaal het nie. Uiteindelik is die vier gevalle wat groot bedrae geskuld het aan die prokureur oorhandig vir invordering en dagvaardiging. In twee gevalle is ooreenkomste met die prokureur gesluit om die uitstaande skuld af te betaal. In die ander twee gevalle is daar nie op die dagvaardigings gereageer nie. Daar word nou voortgegaan met die nodige regsaksie.

Die Lede wat die kleiner bedrae verskuldig is, word versoek om so gou moontlik dié uitstaande skuld te vereffen om rente wat daarop gehef gaan word te vermy.

## PAAIE

Beplanning vir die herseël van paaie gedurende 2024 word volgens die skedule gedoen. Hiervolgens word beoog om elke pad elke vierde jaar te herseël.

## HUISREËLS

Lede word weer na die Huisreëls verwys wat aan elke Lid gestuur is en op die webwerf geplaas is. Lede is verantwoordelik daarvoor om hierdie Huisreëls onder hul huurders se aandag te bring, verkieslik deur ook'n kopie van die reëls op te sit in u huis iewers waar dit maklik sigbaar is. Let daarop dat die **Lid** ten alle tye aanspreeklik bly indien hul huurders nie hierdie Huisreëls nakom nie.

Gevalle het reeds voorgekom waar lede 'n eerste waarskuwing ontvang het vir die oortreding van hierdie reëls. In dien verdere klagte ten opsigte van dieselfde oortreding ontvang word, sal boetes soos bepaal is in die Grondwet gehef word.

Vir u gerief word die inligting vir die verwydering van vullis hiermee gegee:

- Elke Erf ontvang elke drie maande 'n aantal swart sakke (vir huishoudelike afval), blou sakke (vir herwinbare materiaal - papier, glas, blikkies en plastiek; geen 'foamalite' en groen sakke (vir tuinafval). Lede moet toesien dat huurders kennis dra hiervan EN ook genoeg sake laat vir die huurders. [Kan aangevra word van sekuriteitsbampte.]

- Die sakke word tans soos volg verwyder: Maandae: blou en groen; Dinsdae: swart. Alle sake moet binne die Lid se eie erf gehou word tot na sononder die aand voor die sake opgelaai word.

- Gedurende die Desember-vakansie reel die Vereniging vir 'n addisionele verwydering van swart sakke op Vrydae: 22 en 29 Desember en 5 Januarie.

## DALMANUTHALAAN

Tot groot frustrasie vir Bestuur is daar nie vordering gemaak met die aanvang van die bou van die nuwe straat langs Dalmanuthalaan nie.

## SALDANHAWEG

Na die storms van September waartydens die wal onder Terrein 194 ernstig beskadig is, is die bouwerk aan die wandelpad uitgestel totdat die skade aan die wal herstel is.Tans wag ons vir die ingenieursverslag om die sandsakke se ontwerp voor te lê aan Omgewingsake vir goedkeuring.  Ons volg hierdie weekliks op met die ATKV en die ingenieurs. Gelukkig het die ATKV 'n tydelike wal gestoot sodat die duin beskerm kan word.

## BESTUURSAGENTSKAP

Na Cornea Veldman (ons Administratiewe Beampte) se bedanking met ingang van 1 Desember 2023 was Bestuur genoodsaak om die pos te vul of om na alternatiewe te kyk. Ons het met Cornea geskakel en sy is nie bereid om vir ons 'n omvattende bestuursdiens te verskaf nie. Ons het kwotasies van Status–Mark Property Management (R30/huis) en Harcourts (R40/huis) ontvang. Na deeglike onderhandelings het Bestuur vir Status–Mark Property Management aangestel. Hulle bedien ook Hartenbos Landgoed, Heuwelsrus, Blue Ridge Huiseienaarsvereniging en ander. Hulle bestuur slegs komplekse. Hulle neem die HVHV se bestuursverpligtinge oor vanaf 1 Desember 2023.

Nico Marais – adjunk voorsitter - het ongelukkig ook sy bedanking ingedien met ingang van 1 Desember 2023, maar sal nog behulpsaam wees met die oorname van sy portefeuljes.

## RADYNSTRAAT

Die stormwaterprobleem in Radynstraat is ongelukkig nog nie opgelos nie. Die stormwaterpype wat daar geïnstalleer is, is dié van die Munisipaliteit en die HVHV mag onder geen omstandighede op eie inisiatief enige veranderinge daaraan aanbring nie. Samesprekings met die Munisipaliteit word voortgesit.

## LEDEVERGADERING

Hier volg 'n paar belangrike datums vir vanjaar se Ledevergadering:

1. Datum van vergadering is 28 Desember.
2. Kennisgewing vir vergadering moet uitgaan voor of op 5 Desember. (15 werksdae voor vergadering). Punt 10.1 van Grondwet.
3. Die Rekorddatum* vir vanjaar se Ledevergadering is15 Desember.
4. Nominasiekennisgewings vir Bestuursposte moet uitgaan voor of op 14 November. (30 werksdae) voor vergadering. Punt 19.2.
5. Nominasies moet in wees voor of op 28 November 10 werksdae). Punt 19.6.
6. Name van genomineerdes moet saam met die agenda vir die Ledevergadering uitgestuur word. (Sien item 2)

*Die datum volgens Artikel 13 van die Grondwet waarop bepaal word watter Lede se heffings nie op datum is nie en dus nie die Ledevergadering kan bywoon of stem nie.

Dit bring die verkiesing van 'n nuwe Bestuur na vore. Tans bestaan die komitee nog uit sewe (7) lede.Slegs drie (3) van hulle woon tans permanent in Hartenbos.Lede word versoek om dit sterk te oorweeg om hulle verkiesbaar te stel. Daar word veral meer Lede wat permanent op Hartenbos woon, benodig vir portefeuljes wat vereis dat die Lid plaaslik beskikbaar moet wees om daarna om te sien.

Indien Lede wat oor spesifieke kundigheid en ervaring beskik nie kans sien om as bestuurslid te dien nie, maar wel bereid is om in 'n raadgewende hoedanigheid 'n bydrae te lewer, sal dit verwelkom word.

Vergaderings vind driemaandeliks per Zoom plaas. Vanjaar het ons tot dusver twee vergaderings in persoon gehou toe Bestuurslede toevallig op Hartenbos was. Die lede wat nie inpersoon teen woordig was nie het per Zoom ingeskakel.

Ons wens u sterkte toe vir die laaste skof voor die vakansie.
Vriendelike groete

FRANS STAPELBERG
VOORSITTER 2023